#  /YFTIG JAAR GESKIEDENIS VAN DIE CHRISTENDOM AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, AFDELING A VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, 1917 tot 1967

*deur*

PROF. DR. A. D. PONT

By die feesjaar van die Teologiese fakulteit van die Neder- .uitsch Hervormde Kerk van Afrika is dit vanselfsprekend om ok terug te sien op die werksaamhede wat op die besondere 'akgebied van die **Geskiedenis van die Christendom** plaasgevind et gedurende die afgelope vyftig jaar. Dit is ook noodsaaklik /ant hierdie besondere Departement, **Geskiedenis van die** **:hristendom,** kan hom daarop beroem dat dit die tweede De- artement van die Fakulteit was waar die stoel spesifiek deur ı ampsdraer van die Ned. Hervormde Kerk beset is. [1]) Dit was ı 1921 dat dr. S. P. Engelbrecht as lektor in dié Departement angestel is terwyl hy in 1924 tot professor bevorder is, 'n amp /at hy tot by sy uittrede in 1956 beklee het. Die eerste amps- raer van die Ned. Hervormde Kerk in die Fakulteit was natuurlik rof. J. H. J. A. Greyvenstein wat op 1 April 1917 sy ampswerk s hoogleraar in die Nuwe Testamentiese Wetenskap opgeneem et. Eers heelwat later, in 1934, het 'n reëling met die Universi- eit meegebring dat die Ned. Hervormde Kerk 'n benoemingsreg ›n opsigte van die hoogleraars en dosente in die Teologiese 'akulteit sou hê [2]) en so het dit reël geword dat die hoogleraars ı die Fakulteit, en later in die Afdeling A, benoem is deur die Ied. Hervormde Kerk en deur die Universiteit aangestel word.

Die vyftig jaar tans onder bespreking, nl. 1917 tot 1967, et op die vakterrein van die **Geskiedenis van die Christendom** ı ryk oes gelewer — 'n sodanige ryke verskeidenheid dat dit yna nie saamgevat kan word nie. Dit grotendeels vanweë die eit dat die studieterrein van hierdie Departement so wyd is. nmers in die kader van hierdie Departement word die vakgebied an die **Dogmengeskiedenis;** die **Algemene Kerkgeskiedenis,** wat an die vroegste jare van die Christelike Kerk tot vandag strek; ie **Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis** en die hulpwetenskap **Kerk-** eg gedoseer en bestudeer.

---

) Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, Johannesburg 1960, bls. 164 vgg., veral bls. 167.
) Ad Destinatum, bls. 165, 166, 170-172.

Tot op sekere hoogte kan betoog word dat die aanduiding van die Departement as **Geskiedenis van die Christendom** nie so 'n gelukkige benaming is nie. Dit is waarskynlik dat hierdie benaming oorgeneem is van die Nederlandse Universitêre wêreld waar daar 'n tyd was toe geoordeel is dat die Teologiese Fakulteit los van die Kerk of enige kerklike verbondenheid kan en moet funksioneer. Vandaar dan ook dat die Nederlandse Rijksuniversiteite hierdie vakgebied deur 'n gewone of staatshoogleraar laat behartig en nié deur 'n kerklike hoogleraar nie. [3]) Hier in Suid-Afrika egter het die Departement **Geskiedenis van die Christendom,** wat die Ned. Hervormde Kerk betref, nooit losgestaan van die Kerk nie en was dit steeds deel van die kerklike teologiese opleiding wat in die Fakulteit gesetel is. [4]) Vandaar dan ook dat in die Departement Geskiedenis van **die** Christendom nooit iets anders gedoseer is as die geskiedenis van **die Kerk** nie. Daarom sou 'n korrekter (en ook kerkliker!) benaming vir die Departement ongetwyfeld dan ook wees: **Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg** want dit sal presies aandui met watter werksaamhede personeel en studente in hierdie besondere Departement besig is [5]) Immers dit gaan in hierdie Departement, as dit goed is, essensieel om die geskiedenis van die Kerk, of om dit anders te stel: die geskiedenis van die Evangelie en sy deurwerking in die wêreld. [6]) Juis met die omskrywing **Kerkgeskiedenis** word ook aangedui dat hierdie vakgebied vanuit 'n bepaalde en spesifieke gesigspunt, naamlik dié van die Kerk en sy leer, beoefen word. [7]) Dit beteken nié noodwendig 'n verkleining van die vakgebied as sou **Kerk**-geskiedenis 'n kleiner terrein wees as Geskiedenis van **die Christendom** nie. Maar dit dui aan dat die beoordelingsnorm van die geskiedenis,

---

[3]) Dit is wèl so dat die vakgebied van die **Vaderlandsche Kerkgeschiedenis** deur 'n kerklike hoogleraar behartig word.

[4]) Die Kerkwet van die Ned. Hervormde Kerk het nog altyd bepaal dat 'n voorwaarde vir die aanstelling van 'n hoogleraar in die Teologiese Fakulteit. Afdeling A is dat hy 'n diensdoende Dienaar van die Woord van die Ned. Hervormde Kerk moet wees. Vgl. in hierdie verband ook: A. D. Pont. **Die Kerkwet en die Amp van Dienaar van die Woord,** artikel in **Hervormde Teologiese Studies,** Jrg. 17, Pretoria 1962, bls. 66 vg.

[5]) Vgl. ook A. D. Pont, **Die Geskiedenis van die Christendom,** artikel in **Hervormde Teologiese Studies,** Jrg. 13, Pretoria 1958, bls. 2 vg. Hoewel ek hier nog die benaming van die vakgebied „Geskiedenis van die Christendom" aanvaar. is dit duidelik dat hier eerder van **Kerkgeskiedenis** sprake is as van die 19e eeuse aanduiding en omskrywing van die vakgebied.

[6]) Vgl. H. Bornkamm. **Grundriss zum Studium der Kirchengeschichte** Gütersloh o.J., S. 17.

[7]) Vgl. A. D. Pont, Enkele **Opmerkings oor Objektiewe Kerkgeskiedskrywing** artikel in **Hervormde Teologiese Studies,** Jrg. 18, Krugersdorp 1963, bls. 146 vgg.

die gesigspunt van waaruit die geskiedenis verstaan en waardeer word, deur die Kerk, sy inhoud, sy leer en belydenis bepaal word en bepaal moet word. Dit dan ook nie weer in die sin van die Kerk-in-die-algemeen nie, maar in die besonder die Ned. Hervormde Kerk met sy spesifieke plek en posisie binne die universele, Christelike Kerk as 'n spesifiek Bybels-reformatoriese Kerk in Suidelike Afrika.

Binne die Departement **Geskiedenis van die Christendom,** soos die Departement bekend staan, is daar dan die verskillende terreine van studie- en doseerwerk waaraan die aandag gewy word. Maar ook met die indeling wat hier bestaan het, het daar veranderinge gekom. Allereers is die vakgebied **Nederlandse Kerkgeskiedenis,** wat vroeër hier aangebied is waarskynlik in navolging van die Nederlandse universitêre dissipline waar die vak as **Vaderlandsche Kerkgeschiedenis** bekendstaan, as spesifieke en aparte studieterrein, laat vaar. Dit hang saam met die feit dat die verbondenheid van ons Kerk met die Nederlandse kerklike en universitêre wêreld, wat tot en met die laaste Wêreldoorlog so nou was, geleidelik losser geword het. Dié verbondenheid was natuurlik allereers daar vanweë die feit dat so baie van ons vroeëre predikante hulle opleiding in Nederland ontvang het en ook oorspronklik uit Nederland afkomstig was en vanweë die feit dat die eerste groep hoogleraars in ons Teologiese Fakulteit self daardie noue verbondenheid met Nederland, sy kerklike en universitêre wêreld, gevoel en voortdurend beklemtoon het. Dit het nie alleen beteken dat in die vroeër jare, voor die laaste Wêreldoorlog, hier gedoseer en gestudeer is met die één oog op die Nederlandse kerklike en universitêre wêreld nie, maar ook dat die agtergronde van die Nederlandse kerklike wêreld goed bestudeer en geken moes word. Na die afgelope Wêreldoorlog het daar egter geleidelik 'n kentering in hierdie gedagtewêreld gekom ook vanweë die feit dat die Nederlandse Hervormde Kerk sy houding teenoor ons Kerk gewysig het. Sosialistiese invloede in die Nederlandse Kerk en 'n besondere waardering vir „die ekumene", soos verteenwoordig deur die Wêreldraad van Kerke, het meegebring dat die Nederlandse Hervormde Kerk ons Kerk én sy opleiding al meer en meer as 'n ergenis en struikelblok beskou het.[8]) Geleidelik het die

---

[8]) Waarnemers het o.a. meegedeel dat die afgevaardigdes uit die Nederlandse Hervormde Kerk in 1961 te Nu-Delhi, by die vergadering van die Wêreldraad van Kerke aldaar, hulle kerk se naam inderhaas verander het van **Dutch Reformed Church** na **Netherlands Reformed Church** sodat die nie-blanke afgevaardigdes te Nu-Delhi hulle tog nie moet verwar met die Afrikaanse kerke wat daar as **Dutch Reformed**

• Blaai om asseblief

Nederlandse Hervormde Kerk hom dan ook resoluut teen d
Afrikaanse Kerke in die algemeen en die Ned. Hervormde Ke
in die besonder gekeer. Die vyandskap teen ons Kerk hang saa
met die feit dat ons Kerk bly vashou aan artikel III van d
Kerkwet en die daar geformuleerde beleid van die Kerk. [9])

Vanweë hierdie losser word van die verbondenheid met d
Nederlandse Kerk — 'n verband wat deesdae ook maar taaml
dun geskaaf is — het die noodsaaklikheid om in die teologie
opleiding van ons Kerk die geskiedenis van die Nederland
Kerk oor die hele terrein in die besonder te bestudeer, o
verval. Terselfdertyd het die noue verbondenheid aan en d
opsien na die Nederlandse universitêre wêreld ook plekgema
vir 'n groter waardering van die eis en 'n besef dat ons Teol
giese Fakulteit nie alleen op sy eie bene kan staan nie, maar o
nie hoef terug te staan vir die Nederlandse universiteite in d
beoefening van die teologiese wetenskap nie. [10]) Daarby kom d
terwyl ons Kerk 'n verantwoorde Bybels-reformatoriese teolog
in **Suidelike Afrika** wil uitbou wat hier ter sake is, is dit o
beter om meer aandag aan die Kerk in Afrika te gee as om o
nodig veel aandag te bestee aan die verlede van die Nederland
Kerk. [11])

Die studie- en doseerterrein van die Departement omva
tot vandag toe nog, ook die **Dogmengeskiedenis,** dit wil sê d
geskiedenis van die leer van die Christelike Kerk. Hoofsaakl
vanweë die feit dat slegs een personeellid per Department in d
Teologiese Fakulteit tot dusver aangestel kon word en die Do
mengeskiedenis besondere en gespesialiseerde kennis en navo
sing veronderstel, het hierdie vakgebied in Suid-Afrika nog no

---

**Churches** bekendgestaan het en onder die sweep gekom het!! Sou d
miskien ook die rede wees dat F. G .M. Broeyer in sy artikel **I**
**Jongste Tijd** in die reeks **Geschiedenis der Kerk** (Bd. 9) onder redaks
van G. P. van Itterzon en D. Nauta, Kampen 1967, blz. 101 verwys n
die „drie kerken van de Zuid-Afrikaanse Boeren" in plaas daarvan o
dié kerke by hulle amptelike name te noem?

[9]) Vgl. in hierdie verband slegs **Het Rassenvraagstuk. Herderlijk Schrijv van de Generale Synode van de Nederlandse Hervormde Kerk,** D Haag 1963 waar breed oor „apartheid" beduie word terwyl dit o duidelik is dat die Synode weinig begrip het waaroor dit eintlik ga Sien ook die antwoord van die Kommissie van die Algemene Ke vergadering **Gelyke Geleenthede,** Krugersdorp 1964.

[10]) Afrikanerstudente wat aan die Nederlandse Rijksuniversiteite teolog gestudeer het in die jongste tyd, het na hulle terugkeer daarop gew dat hulle, wanneer hulle die verantwoorde standpunt van Kerk en Ow heid in Suid-Afrika in Nederland verdedig het, daarna heelwat d kriminasie op allerlei vlakke moes ondervind!!

[11]) Dit is ironies dat dié deel van die geskiedenis van die Nederlandse Ke waarin ons wèl 'n lewende belangstelling toon, nl. die reformatoriese e na-reformatoriese tyd, in Nederland deesdae vrywel verwaarloos wo

tot besondere vooruitgang gekom nie. Enersyds hang dit ook saam met die feit dat nà die navorsings- en publikasiewerk van die twee grootmeesters, Reinhold Seeberg [12]) en Adolf Harnack [13]), hierdie vakgebied byna tot stilstand gekom het. Veel nuuts is dan ook nie op hierdie vakgebied gepubliseer wat instaat was om die standaardwerke wat daar gegee is, te vervang nie. Die enigste nuwe en omvattende werk wat in die jongste tyd verskyn het, is die eerste band van A. Adam, **Lehrbuch der Dogmengeschichte**, Gütersloch 1965. 'n Tweetal kleiner engelstalige werke bestaan ook nl. die veel-herdrukte werk van J. F. Bethune-Baker, **An Introduction to the Early History of Christian Doctrine**, London 1903 en die werk van J. N. D. Kelly, **Early** Christian Doctrines, London 1960. Die werk van W. Köhler, **Dogmengeschichte als Geschichte des Christlichen Selbstbewustseins**, waarvan die twee bande in 1938 en 1951 onderskeidelik verskyn het, was nié in staat om die ouere werke te verdring nie.

Afgesien van die bogenoemde was daar uiteraard 'n hele reeks monografieë wat op die vakgebied van die Dogmengeskiedenis verskyn het, maar daarop kan in hierdie verband nie verder ingegaan word nie. Opvallend is en bly dit egter dat in Suid-Afrika daar nog geen poging aangewend is om selfs 'n **Inleiding** tot hierdie vakgebied te publiseer nie en wat dit betref bly ons afhanklik van wat elders gepubliseer word. Die uiters beperkte leserskring vir so 'n werk kan natuurlik 'n belemmerende faktor wees; waarskynlik egter is dit dat die ander vakgebiede van die Kerkgeskiedenis meer aandag aan die Teologiese Fakulteite in Suid-Afrika gevra en gekry het.

Die vraag na die voortbestaan van die Dogmengeskiedenis as 'n aparte, eie studieterrein is seker nie onvanpas nie. Waar die Dogmengeskiedenis al meer daarna neig om slegs 'n hulpwetenskap van die Dogmatiek en die Kerkgeskiedenis te word, verdien dit oorweging om die spesifieke vakgebied as 'n selfstandige studieterrein in die kader van die Departement Geskiedenis van die Christendom af te skaf en dit enersyds by die Kerkgeskiedenis en dit andersyds by die vakgebied van die Dogmatiek te inkorporeer. Veral vandat in 1952 'n selfstandige Departement Dogmatiek by die Teologiese Fakulteit ingestel is waar die dogmenhistoriese agtergronde van die verskillende dogmata van die Kerk deeglik en noukeurig behandel word, word hierdie vraag

---

12) R. Seeberg. **Lehrbuch der Dogmengeschichte** (5 bande) wat verskyn het vanaf 1895 tot 1920 met talle herdrukke daarna.

13) A. Harnack, **Lehrbuch der Dogmengeschichte,** wat in drie bande verskyn het vanaf 1885 met 'n hele paar herdrukke daarna.

al hoe meer aktueel.

Wat die vakgebied van die **Algemene Kerkgeskiedenis** betref, dit wil sê die geskiedenis van die Kerk dwarsoor die hele wêreld vanaf die vroegste tye, het die feit dat hierdie omvattende terrein skaars deur één dosent na behore behartig kán word, ook meegebring dat die studie- en doseerwerk wat in die Departement verrig is op hierdie vlak, beperk gebly het tot 'n algemene inleiding. In later tyd is daar meer klem gelê op bepaalde periodes wat veral vir die Kerk hier in Suid-Afrika van besondere belang is, terwyl ander periodes meer op die agtergrond geraak het. Dit beteken o.a. slegs dat minder aandag gegee is aan byvoorbeeld die vroeë Kerk en die Kerk in die Middeleeue terwyl die sestiende en daaropvolgende eeue méér klem ontvang het.

In die jongste tyd word dit egter duidelik dat nog meer aandag gegee sal moet word aan die moderne of sogenaamde jongste tyd — hoofsaaklik vanweë die feit dat die optrede van die ekumeniese beweging, soos verteenwoordig deur die Wêreldraad van Kerke en sy onderafdelings, so 'n groot bedreiging inhou vir die voortgaande verkondiging van die Bybelse Evangelie van Jesus Christus in Suidelike Afrika. Die venynig-vyandige houding van die Wêreldraad, sy ampsdraers en sy liggame téén die Afrikaanse Kerke en die blanke Afrikanervolk, die feit dat die Wêreldraad in Afrika bereid is om met die verklaarde vyande van die Christelike Afrikanervolk gemene saak te maak om die bestaande orde in die Republiek van Suid-Afrika te ondermyn en omver te werp, [14]) beteken dat sorgvuldige studie en navorsing gewy sal moet word aan die grondoorsake van hierdie patetiese ontsporing na links van dié liggaam wat so graag namens die „wêreld-christendom" wil praat en wat tog geen vinger sal verroer om die blanke, christelike en Westerse beskawing in die wêreld te behou nie. [15]) Hier sal alleen sorgvuldige en eie studie kan gedoen word want wat oor die Wêreldraad gepubliseer word of wat oor die Kerkgeskiedenis van die jongste tyd die lig sien, is so éénsydig-bewonderend van die Wêreldraad van Kerke dat dit alleen maar met die grootste omsigtigheid hanteer kan word. [16])

Om enigsins, wat die ander periodes van die algemene Kerk-

---

14) Vgl. **Christians and Race Relations in Southern Africa,** Genève 1964.

15) W. A. Visser 't Hooft, **The Christian's Role in Transforming Society,** gepubliseer in **Race Relations in Ecumenical Perspective,** Genève, July 4 1964.

16) 'n Duidelike en prinsipiële beoordeling word gegee in B. J. Engelbrehct, **Die Kommunistiese Aanslag op die Kerk,** 1964.

geskiedenis betref, 'n oorsig te gee oor wat in die afgelope vyftig jaar gepubliseer is, is feitlik 'n onbegonne taak. Wat wèl in hierdie verband gestel kan word, is dat in Suid-Afrika daar ook nog steeds op 'n omvattende leerboek, wat op Universitêre vlak bruikbaar is, oor die Algemene Kerkgeskiedenis gewag word. Wat wèl in die jongste tyd verskyn het, is 'n tweetal populêre inleidings tot die Algemene Kerkgeskiedenis wat egter beide ten dienste van die kategese van die Kerk opgestel is. Die eerste is dié van prof. dr. S. du Toit, **Algemene Kerkgeskiedenis,** Potchefstroom 1963 wat in 120 bladsye 'n vlugtige oorsig gee van die geskiedenis van die Kerk tot aan die begin van hierdie eeu. Die ander is dié van A. D. Pont, **'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis,** Krugersdorp 1966 wat in 165 bladsye die geskiedenis van die Kerk beskrywe in breë trekke tot in die jongste tyd.

Die vakgebied van die Kerkgeskiedenis waar in die laaste vyftig jaar verreweg die meeste studie-, navorsing- en publikasiewerk verrig is, is vanselfsprekend die terrein van die **Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis.** Ook hier kan gestel word dat die omskrywing van die vakgebied enigsins breër is as die aanbieding — immers, normaalweg word hier in hoofsaak gekonsentreer op die terrein van die geskiedenis van die drie Afrikaanse kerke wat na leer, belydenis, orde en geskiedenis so nou aan mekaar verbonde is. Oor wat op hierdie terrein van die geskiedenis van die Afrikaanse kerke al gepubliseer is, het in die jongste tyd 'n tweetal artikels verskyn. Enersyds dié van prof. dr. T. N. Hanekom, **Ons Vaderlandse Kerkgeskiedskrywing met verwysing na die gangbare opvattinge oor die Nederduitse Gereformeerde Kerke** [17]) en andersyds dié van A. D. Pont, **Die Geskiedenis van die Afrikaanse Kerke in die Suid-Afrikaanse Historiografie** [18])

Dit is miskien goed om daarop te wys dat die studie en navorsing ten opsigte van die geskiedenis van die Engelstalige kerke eers in die laaste paar jaar met erns aangepak is. Daar het dan ook 'n paar werke verskyn wat hier genoem kan word nl. Anthony Ive, **The Church of England in South Africa,** Cape Town 1966; W. E. Brown, **The Catholic Church in South Africa,** Londen 1960; P. Hinchliff, **The Anglican Church in South Africa,** London 1963. Na my kennis het daar nog geen wetenskap-

---

17) Gepubliseer in: **Ned. Gereformeerde Teologiese Tydskrif,** Dl. 1, No. 3, bls. 1.

18) Gepubliseer in: **Openbare Fakulteitslesings van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,** Universiteit van Pretoria, 1965.

like studies verskyn in verband met die geskiedenis van Presbyteriaanse, Methodiste, Kongregasionaliste en Bap Kerke in Suid-Afrika nie. Dit is, vanweë die ontbreking van die noodsaaklike voorarbeid, dat 'n algemene geskiedenis Suid-Afrika ook nog nie gepubliseer is nie.

Ten opsigte van die Sendinggeskiedenis is die toestand tuurlik heeltemal anders en het daar àl besonder baie w verskyn. Maar omdat dit nie binne die kader van die Depa ment Geskiedenis van die Christendom val nie, word dit nie behandel nie. Onder die vak **Suid-Afrikaanse Kerkgeskied** word daarom, tot dusver, uitsluitlik gewerk op die terrein die geskiedenis van die drie Afrikaanse Kerke.

As 'n oorsig gegee moet word van wat alreeds op hie terrein gepubliseer is, is dit miskien goed om eers daaro wys dat die geskiedenisbeskrywings wat bestaan oor die kaanse kerke baie sterk beheers is deur die beklemtoning die verskille tussen die drie Afrikaanse kerke. Dié verskille miskien samevattend aangedui word as verskille wat betrek het op die waardering van geloofswaarhede of **loci** uit die dog tiek of leer van die Kerk; die kerklike orde; die benaderingsw en verantwoordelikheid wat aan die Kerk toegeskryf word op kultureel-nasionaal-politieke vlak. Tog moet daarop gelet w dat die verskille nie net tussen die kerke bestaan nie, maar baie van dié verskille óók voorkom tussen die verskille geestesstrominge wat in die Afrikaanse kerke voorkom. hierin lê daar nog 'n leemte in ons Afrikaanse kerkgeskieds wing en dit is dat die verskille tussen die kerke te veel vera luteer is en dat te veel uit die gesigspunt van die eie Kerk al die geskiedenis beskrywe is met die daarmee saamgaande ontagsaming van die gemeenskaplike veral wat die belydeni leer betref wat die drie Afrikaanse kerke aanmekaar bind. E die leemte kan oorwin word en moet oorwin word. Tog sa alleen kan gebeur as meer aandag gegee word enersyds aan teologiese en geestesstrominge wat in die Afrikaanse kerke v gekom het en voorkom en as andersyds 'n meer objektiewe n aangelê word vir die beoordeling van die geskiedenis van drie kerke. Dit beteken dat as die geskiedenis van die die geskiedenis van die Evangelie en sy deurwerking in wêreld is, dan moet meer aandag daaraan gegee word da die gemeenskaplike Belydenisskrifte van die drie Afrika kerke so 'n objektiewe norm gegee is. Daarby is die maa van die kerklike reg en orde — wat in oorsprong ook by a die kerke dieselfde is — die gegewe objektiewe norm vi

beoordeling van die wordingsgeskiedenis van die drie Afrikaanse kerke. As dit aanvaar sou kan word, dan sou dit moontlik wees om met heelwat meer rustigheid die „lastige periodes" van die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis, naamlik die periodes rondom 1842, 1853-1854, 1859, 1866 en 1886, te benader en te beskrywe.

Waarskynlik vanweë die gebrek aan so 'n algemeen aanvaarde uitgangspunt en beoordelingsmaatstaf, het ons in Suid-Afrika nog nie gekom by die opstel van 'n gemeenskaplik-aanvaarde **Vaderlandse Kerkgeskiedenis** vir die drie Afrikaanse kerke nie. Dit is egter ook nie nodig dat hierdie saak oorhaastig aangepak hoef te word nie aangesien daar nog 'n groot hoeveelheid navorsing en studie, selfs oor die „lastige periodes" onderneem moet word, voordat al die voorbereidende werk afgehandel is. Daarby kom die oorweging dat die wetenskaplike bestudering van die Afrikaanse kerkgeskiedenis nog maar 'n betreklike jong vakgebied is en daar dus nie nou al soveel verwag kan word nie.

Die beginpunt van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing, as daar na soiets gesoek word, sou gevind kan word by die publikasie van dr. Abraham Faure, **Redevoering by het Tweede Eeuwfeest ter herinnering aan de vestiging van den Christelijken Kerk in Zuid-Afrika,** Kaapstad 1852. Vanweë die uitvoerige aantekeninge, waarin heelwat argiefmateriaal verwerk is, is dit aanvaarbaar as die eerste poging tot 'n beskrywing van die geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika. Tog sou mens alleen met huiwering Faure wil aandien as die „vader" van die Afrikaanse kerkgeskiedskrywing. Dit kom die veel latere navorsers toe om met dáárdie titel vereer te word.

Die eerste daaropvolgende kerkgeskiedenis is van die hand van ds. John McCarter, **The Dutch Reformed Church in South Africa with notices of the other denominations. A Historical Sketch,** Edinburgh 1869. Dit is miskien ook tiperend van daardie tyd dat hierdie werk eers in Engels verskyn het en dat eers 'n paar jaar later 'n Nederlandse vertaling die lig gesien het. Hierdie werk met sy polemiese gerigtheid teen die Ned. Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk het wel 'n sekere mate van baanbrekerswerk gedoen, maar het terselfdertyd met sy polemiese strekking die patroon van die Afrikaanse kerkgeskiedskrywing vir die toekoms aangetoon.

Van die kant van die Ned. Hervormde Kerk is daar ook 'n paar werkies en publikasies wat genoem kan word as die voorafgaande aan die wetenskaplike verantwoording van die geskiedenis van die Kerk. Hier kan gewys word op die Herderlike

Skrywe van die Algemene Kerkvergadering van 1855, **Eene Stem uit Mooirivier.** Veel meer as 'n baie beknopte uiteensetting is dit ook nie en dit kan werklik nie as afdoende geskiedskrywing aangemerk word nie. Daarna is die enigste publikasies op die gebied van die geskiedskrywing 'n aantal brosjures wat na die Kerkvereniging van 1885 die lig gesien het [19])

Die eerste samevattende en wetenskaplike werk oor die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk het in dieselfde jaar as die geboortejaar van ons Fakulteit verskyn, naamlik die proefskrif van S. P. Engelbrecht, **Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika,** Amsterdam 1917. Hierdie werk wat die geskiedenis van die Kerk tot 1877 behandel, is in 1925 aangevul met 'n tweede deel wat die geskiedenis verder gevoer het tot in die jongste tyd. 'n Tweede, verbeterde en vermeerderde druk het in 1936 in Afrikaans verskyn en die derde uitgawe in 1953. Hoewel ook hierdie werk 'n bepaalde polemiese gerigtheid het, berus dit tog op sorgvuldige bronnestudie en 'n wetenskaplike afweeg van die feite. Dit word dan ook algemeen aanvaar as dié standaardwerk op die gebied van die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk. Met die publikasie van hierdie werk het prof. S. P. Engelbrecht dan ook, wat die Ned. Hervormde Kerk betref, die grondlêer geword van die wetenskaplike bestudering van die geskiedenis van die Afrikaanse kerke.

Terselfdertyd het die kerkhistoriese werksaamhede van prof. A. Moorrees [20]) en prof. dr. G. B. A. Gerdener, [21]) beide van die Ned. Gereformeerde Kerk, ook 'n enorme bydrae gelewer om die kerkgeskiedskrywing van die Afrikaanse kerke nou op 'n vaste en wetenskaplike vlak te plaas. Danksy die baanbrekerswerk van hierdie manne wat elkeen op sy terrein verdienstelike en hoogstaande werk gelewer het, het die studie van en die publikasies in verband met die geskiedenis van die Afrikaanse kerke toegeneem. In hierdie verband moet ook nog die naam genoem word van eerw. A. Dreyer van die Kaapse N.G. Kerkargief wat hom veral besig gehou het met die uitgee en die versorging van 'n hele aantal voortreflike bronnepublikasies wat

---

[19]) O.a. M. J. Goddefroy, **De Kerkkwestie, niet een Leer — maar een Levenskwestie,** Den Haag 1890 asook A. D. W. Wolmarans, **Kerkhistorische Feiten I en II.**

[20]) A Moorrees, **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika** 1652-1873, Kaapstad 1937.

[21]) G. B. A. Gerdener, **Ons Kerk in die Transgariep,** Kaapstad 1934. Vgl. ook sy bronne-publikasie, **Boustowwe vir Kerkgeskiedenis,** Kaapstad 1930.

vir die studie van die Afrikaanse kerkgeskiedenis van groot waarde is. [22])

Opmerklik bly dit egter dat byna elke publikasie oor die geskiedenis van een of meer van die Afrikaanse kerke, skerp reaksies en polemieke uitgelok het [23]) Hoewel dit die reeds genoemde leemtes in die geskiedskrywingsmetode na vore bring, het dié polemieke tog die voordeel dat met sorg alle moontlike stukke en feite en gegewens wat lig werp op die verlede van die Afrikaanse kerke in die diskussie betrek is en sodoende ook bygedra het om die verlede skerper te belig. Die vraag bly egter bestaan, soos deur hierdie polemiek opgewerp, of die geskiedenis beskou moet word as 'n arsenaal van feite om daarmee 'n teenstander te bestook en om so posisies wat in die verlede ingeneem is, voortdurend te bestendig. Immers die verskille wat in die Afrikaanse kerke in die verlede ontstaan het, het nie almal sondermeer op deugdelike prinsipiële gronde ontstaan nie en die vraag moet gestel word of dit noodsaaklik is om ook dáárdie verskille te probeer bestendig.

Naas die hoofwerk van prof. S. P. Engelbrecht het daar in die Ned. Hervormde Kerk nog nie weer 'n werk verskyn wat dieselfde terrein dek nie. Al wat naas die werk van prof. Engelbrecht gepubliseer is, is 'n paar handboekies wat vir die kategese van die Kerk bedoel is, naam dié van ds. J. Kuhn [24]) en ds. A. J. G. Oosthuizen [25])

Naas die geskiedenisbeskrywing van die Ned. Hervormde Kerk in die algemeen het prof. Engelbrecht ook sy aandag gegee aan die beskrywing van die geskiedenis van verskillende ge-

---

[22]) Die ouere geskiedeniswerke is dan ook heeltemal deur hierdie latere publikasies verdring. Van die ouer werke kan genoem word: J. de Wet. **Beknopte Geskiedenis van de Nederduitsche Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop,** Kaapstad 1888 en ook J. I. Marais, **Geschiedenis der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika tot op de Grote Trek,** Stellenbosch 1919 en die daaropvolgende werk wat in 1923 verskyn het: **Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.** Die eerste Afrikaanstalige kerkgeskiedenis is dié van H. D. van Broekhuizen, **Die Wordingsgeskiedenis van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika,** Kaapstad 1922. Opmerklik is dat van die kant van die Gereformeerde Kerk daar nie reeds so vroeg dergelike werke verskyn het nie. Die bronnepublikasies wat daar vir die studie van die Afrikaanse kerkgeskiedenis bestaan, word hier nie verder vermeld nie.

[23]) Vgl. A. P. Pont, **Die Geskiedenis van die Afrikaanse Kerke in die Suid-Afrikaanse Historiografie.**

[24]) J. Kuhn, **Krummeltjies van die Kerkgeskiedenis,** Pretoria 1925.

[25]) A. J. G. Oosthuizen, **Algemene en Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis,** Pretoria s.j. Beide hierdie twee werkies is nou vervang deur die reeds genoemde A. D. Pont, **'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis en die Geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika,** Krugersdorp 1966.

meentes van die Kerk [26]) Hierdie gemeentelike geskiedenisse wat hoofhaaklik geskrywe is met die eeufeeste of besondere herdenkingsmomente in die geskiedenis van die gemeentes, is van besondere waarde juis omdat prof. Engelbrecht hierin sy groot genealogiese kennis van die ou Transvaalse families kon verwerk [27]). Dit is egter opmerklik dat ook hierdie geskiedenisbeskrywing grotendeels beperk bly tot die uiteensetting van die gebeure van die verlede terwyl die beskrywing en ontleding van die geestesstrominge van dié tyd veel minder aandag kry as wat dit in werklikheid verdien. Kortom, die dogmenhistoriese vorm hier geen deel van die historiese beskrywing nie.

Op die vlak van die gemeentelike geskiedskrywing het daar, afgesien van kleiner publikasies in hierdie verband, ook weer 'n paar nuwere werke verskyn van die hand van jonger historici. Hier kan verwys word na die publikasies van A. D. Pont' [28]) ds. S. J. Botha [29] en mnr. H. M. Rex. [30]) Hierdie werk handhaaf nie heeltemal die patroon van die werk van Engelbrecht nie, maar gaan nuwere weë wat vir die voortgang van die Kerkgeskiedskrywing nie onbelangrik sal wees nie. Dit is te verwagte dat in die eersvolgende aantal jare nog verskillende derglike gemeentelike geskiedenisse die lig sal sien aangesien al meer en meer gemeentes eeufeeste sal kan vier. Dit beteken dat daar dus heelwat detail-studie gedoen sal word wat vir die beskrywing van die algemene geskiedenis van die Kerk alleen maar bevrugtend kan wees. Hier kan daar ook gewys word op die feit dat baie van die ouere gemeentelike geskiedenisse — nie net van die Ned. Hervormde Kerk nie, maar ook van die ander Afrikaanse kerke se gemeentes — die min of meer erkende kerklike standpunte wat ten opsigte van die geskiedenis van die Kerke self ingeneem is, herhaal of aksentueer. Dit beteken dat baie van hierdie studies ook weer polemies of apologeties gerig is en daarteen kan die reeds genoemde besware ingebring word.

---

26) Hier kan verwys word na die eeufeesgeskiedenis van Potchefstroom 1942, Rustenburg 1950, Pietersburg 1952, Pretoria 1955 asook die geskiedenis van Heidelberg 1935, Volksrust 1941, Zeerust 1946. 'n Sekere eentonigheid val wel hier op omdat die beskrywing van die breëre geskiedenis, waarteen die gemeentelike geskiedenis hom afspeel, byna elke keer dieselfde is.

27) In verskillende uitgawes van die jaar Almanak van die Kerk het prof. Engelbrecht 'n magdom genealogies gegewens in verband met die ou Transvaalse families verwerk.

28) Die geskiedenis van Heidelberg 1965, Waterberg 1965 en die Potchefstroomse kerkgebou 1966.

29) S. J. Botha, **Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Klerksdorp, 1866-**1966, Krugersdorp 1966.

30) H. M. Rex, **Grepe uit die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust,** gepubliseer in die **Zeerustse Eeufeesgedenkboek, 1867-1967.**

Op die biografiese vlak het prof. S. P. Engelbrecht, ten op- ;te van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis binne die ruimte n die Ned. Hervormde Kerk, ook 'n leidende rol gespeel want ȝesien van sy biografie van die predikant-staatsman, president F. Burgers, het hy ook die biografieë van die Kaapse predi- nte van die sewentiende en agtiende eeu versorg. [31]) Die rste en enigste volwaardige biografie van 'n predikant van die ·d. Hervormde Kerk is die proefskrif van A. D. Pont oor ds. J. van Warmelo. [32]) Die uiteensetting oor die lewe van ds. van off [33]) kan nie juis as 'n volwaardige biografie aangemerk word e ook omdat hierdie pretensielose werk nie veel meer gee as opsomming van die reeds-gepubliseerde gegewens (op daardie adium) in verband met die lewe en werk van ds. van der Hoff e. Dit beteken dat daar nog 'n wye veld ooplê wat wag vir tginning deur die kerkhistorici van die Ned. Hervormde Kerk n die toekoms. Verskillende predikante in ons Kerk, wat oot bydraes gelewer het vir die groei en vooruitgang van die erk, se lewenswerk moet nog nagegaan en te boek gestel word. er kan slegs gedink word aan figure soos ds. M. J. Goddefroy, e man wat die Ned. Hervormde Kerk gebou en behou het in e jare nà 1885 en wat so 'n enorme bydrae gelewer het om e teologiese insigte van die Kerk op 'n suiwer spoor te plaas; . H. C. M. Fourie, teoloog van groot formaat, Bybelvertaler, rkleier en volksman, wat o.a. so 'n groot bydrae gelewer het n die Kerk se houding teenoor die nie-blanke in ons land se esiseer. Daarby kan ook nog die name genoem word van ver- illende ouderlinge van die Kerk wat ook in die staatkundige rlede van die Afrikaner 'n rol gespeel het — figure soos A. D. . Wolmarans, genl. F. G. Joubert, C. J. Joubert en andere.

Dit is dus duidelik dat op die terrein waar die Departement skiedenis van die Christendom die swaarste aksent lê, naamlik e geskiedenis van die Afrikaanse kerke en in die besonder die skiedenis van die Ned. Hervormde Kerk, daar in die afgelope ftig jaar baie gepubliseer en verwerk is. [34]) Ter aansporing

---

Vgl. S. P. Engelbrecht, **Thomas Francois Burgers,** Kaapstad 1933 asook sy **Die Kaapse Predikante van die Sewentiende en Agtiende Eeu,** Kaapstad 1952.

A. D. Pont, **Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892,** Utrecht 1955.

Joh. Dreyer e.a., **Ds. Dirk van der Hoff. Die Eerste Predikant van Transvaal,** Pretoria s.j.

Die talle verspreide geskrifte van prof. Engelbrecht e.a. navorsers op hierdie gebied wat gepubliseer is as tydskrifartikels — o.a. in die Hervormde Teologiese Studies, wat deels deur die inisiatief van prof. Engelbrecht opgerig is as 'n tydskrif ten behoewe van die wetenskapilke studie in die Ned. Hervormde Kerk — artikels in groter werke e.d.m. word nié hier genoem nie juis omdat die lys al te lank geword het.

van die werksaamhede van lede, studente en oud-studente van die Teologiese Fakulteit Afd. A op hierdie terrein, het prof. Engelbrecht in 1957 die **Prof. S. P. Engelbrecht Erepenning vir S.A. Kerkgeskiedenis** ingestel waarmee die Teologiese Fakulteit telkemale die beste werk wat in die bepaalde periode gelewer is met goud kan bekroon. [35])

Nieteenstaande die groot hoeveelheid werk wat reeds verrig is, is dit duidelik dat die Afrikaanse kerkgeskiedskrywing nog maar aan die begin van sy werksaamhede staan. Daar is nog meer werk wat gedoen moet word as wat reeds voltooi is. Omdat die Departement èn sy besondere studieterrein hom mag verheug in 'n steeds groter wordende belangstelling, ook onder die predikante van die Kerk, [36]) kan die toekoms met vertroue tegemoetgesien word. As die honderdjarige bestaan van die Fakulteit oor 50 jaar verder gevier word, sal dit ook duidelik wees of die Departement in die raamwerk van die Teologiese Fakulteit en die teologiese opleiding van die Kerk, sy plek bly volstaan het.

---

35) Hierdie penning is tot dusver al toegeken aan prof. dr. A. D. Pont en ds. S. J. Botha.

36) Hier kan alleen verwys word na die **„Kerkhistoriese Genootskap van die NHK"** wat 'n aantal jare gelede opgerig is en wat hom mag verheug in die groot belangstelling van predikante en lidmate van die Ned Hervormde Kerk.